Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
1-5 November 2026

Tema: Moderne Sandkastele
Fokus Teks: Matteus 7:24-29
Alternatiewe Teks: Lukas 6:46-49

Afskop vrae:

Om ‘n huis te koop of ‘n huis te bou is nie ‘n maklike taak nie. Vertel vir die gesin/groep van jou ervarings van huiskoop of huis bou? Vertel ook vir mekaar hoe lyk jou droom huis.

Gespreksvrae:

Jesus gee hier as te ware die slot, die “bottom line”, van sy boodskap aan ons. Jesus sluit die Bergrede af met die gelykenis van twee bouers. Die verstandige bou sy huis op rots deur Jesus se lering te gehoorsaam, terwyl die dwase op sand bou deur Sy woorde nie te gehoorsaam nie en uiteindelik vernietiging ervaar.

- Watter verskille lees jy raak in Lukas 6:46-49 se weergawe van dieselfde verhaal?
- Hoekom dink julle het Jesus juis spesifiek hierdie gedeelte gekies om sy Bergrede preek mee af te sluit?
- “Location Location Location” Dit is wat die eiendomsagente vir jou sal vertel oor huis koop. Die teks sê egter Christen wees gaan eerder oor “foundation foundation foundation”. Dit gaan nie oor waar jy bou nie, maar liewer waarop jy bo. Twee bouers, twee verskillende fondamente, maar dieselfde storms: Beide bouers bou; beide beleef reën, vloede en winde. Die verskil is nie die weer of die omstandighede of selfs die moeite nie, maar die fondament. Hoe voel jy oor die feit dat die storms albei huise tref? En hoe lyk die storms vandag?
- Wat is volgens jou die verskil tussen die twee bouers? Wat is nou- na ons al hierdie woorde gehoor het- die belangrikste? Jesus se antwoord is eenvoudig: ons reaksie- gaan ons dit doen of nie doen nie? Dit is ‘n kwessies van lewe of dood, van oorlewing of vernietiging. Watter voorbeelde van die res van die bergrede vind julle van hoe ons ons lewe op rots kan bou?
- Jesus roep ons op tot ‘n fundamentele selfondersoek. Sal ons nie ons huis in orde kry nie? Sal ons nie seker maak dat ons huis op rots gebou is nie? Sal ons nie seker maak dat ons skatte in die hemel bymekaarmaak nie. Kom ons as gesin/groep moedig mekaar aan om te hoor en te doen.

Afsluiting:

Vat hande met jou groep/gesin en bid die volgende: “Here, U is ons Rots. Help ons om U woorde te hoor én te doen. Versterk ons huise in storms – deur U teenwoordigheid, liefde en waarheid. Amen.”